SEKERHEID EN ONSEKERHEID BINNE DIE PASTORAAL-TERAPEUTIESE SITUASIE

Julian Müller en Hennie Greyling[1][1]

ABSTRACT

There is a great deal of uncertainty in society today. With the influence of quantum physics and the chaos theory, the certainties of the Newtonian clockwork universe are questioned. The human sciences have not escaped the effects of uncertainty either. It is inevitable that this uncertainty would also influence the pastoral-therapeutic situation. Church-members come to their ministers for "answers" (i.e. certainty). It is argued that this uncertainty should not be seen as a stumbling-block for therapy, but rather an opportunity for growth and an opportunity to see new possibilities. The narrative therapy as a postmodern development, serves as a new method for pastors and therapists. From a position of uncertainty (and consequently humbleness), a few wonderful new ideas have developed, e.g. respect for the client's ability to help search for meaning. Reality is co-constructed and often re-constructed by pastors/therapist, client and other socio-cultural factors.

Inleiding

Wanneer mens oor sekerheid en onsekerheid praat, hang dit nou saam met modernisme en postmodernisme. Modernisme het vir die mens sekerheid gegee. Postmodernisme ruk daardie sekerheid onder jou voete uit. Bosch (1988:81) argumenteer dat voorspoed, vrede en vooruitgang in die Westerse wêreld aan die begin van hierdie eeu geheers het. "'n Gevoel van selfversekerdheid en meerwaardigheid het die Weste en sy godsdiens gekenmerk." (Bosch 1988:81). Bosch wys daarop hoe hierdie tydgees die teologie en dan spesifiek die sendingwetenskap beïnvloed het. Hy gebruik 'n pragtige en aktuele metafoor om die begin van die einde van hierdie era van sekerheid te beskryf, naamlik die TITANIC. Vier dae voor die skip sink sê 'n matroos aan een van die passasiers: "Lady, God himself could not sink this ship." En toe sink die skip. Twee jaar later (1914) breek die Eerste Wêreldoorlog uit. Die mens begin twyfel aan sy tegnologiese vermoëns asook sy vermoë om in vrede met mekaar te leef. Die era van onsekerheid (postmodernisme?) het aangebreek.

Sekerheid kan boos wees

Dit was nie noodwendig 'n negatiewe ontwikkeling nie, want 'n oordrewe sin van sekerheid kan juis baie negatief wees. Dit is soos om met oogklappe aan te lewe. Ander moontlikhede word nie raakgesien nie. Hierdie soort lewenshouding is nie net kortsigtig en selfsugtig nie, maar dit kan ook baie gevaarlik wees. Peck (1997:167) se waarskuwing teen so 'n lewensuitkyk is hier van belang: "...almost all the evil in this world is committed by people who are *absolutely* certain that they know what they are doing." Hy verwys na 'n valse soort sekerheid wat baie skade kan aanrig. 'n Soort sekerheid wat ander se behoeftes en perspektiewe (waarhede) ignoreer. Dit was die gevaar van die modernistiese lewensbeskouing.

Peck (1993:166) rig ook 'n waarskuwing aan die kerk, wanneer hy die sondes van die kerk bespreek:

> Perhaps the greatest sin of the Christian church has been that particular brand of arrogance, or narcissism, that impels so many Christians to feel they have God all sewn up and put in their back pocket. Those who think that they've got the whole truth and nothing but the truth, and that those other poor slobs who believe differently are necessarily not saved, as far as I'm concerned have a very small God.

Dit is waarskynlik die rede vir baie godsdienstige oorloë. Christene lê dikwels meer klem op hoe "verkeerd" ander Christene en ander gelowe is, as om Jesus se boodskap van liefde uit te leef. Sekerheid moet altyd voorwaardelik wees. Die kerk se standpunte moet ook voorwaardelik wees, met ander woorde die kerk moet kan sê dat sy oortuig is dat God haar op hierdie stadium so lei, maar sy mag dalk in die toekoms besef dat sy 'n fout begaan het. Vergelyk in hierdie verband die belangrike standpuntverskuiwing van die NG Kerk oor Apartheid.

Modernisme versus postmodernisme

Baie is al geskryf en gesê en sal nog geskryf en gesê word oor modernisme en postmodernisme.

Die modernisme kan beskryf word as ‘n lewenshouding waarin daar ‘n sterk geloof in die vooruitgang van die menslike rede lewe. Daarmee saam ook die vertroue dat die menslike rede “ontembaar” (Jordaan 1996:1) is in die oplossing van die wêreld se baie probleme op wetenskaplike, tegnologiese, mediese, ekonomiese, politieke, tussenvolkere en tussenmenslike gebied.

Die modernisme is veral beïnvloed deur die rasionaliteit van die Verligting, wat alles wil verklaar, voorspel en beheer. **Sekerheid** is dié belangrike tema in die modernistiese mens se lewe is.

Mettertyd het dinge verander en die lewensgevoel het algaande meer plek gemaak vir onsekerheid. Waar en wanneer kan nie met sekerheid gesê word nie. Hurding (1998:76) meen dat die vroeë spore van die postmodernisme reeds by die Duitse filosoof Friedrich Wilhelm Nietzsche gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu gevind kan word. "Nietsche (1844-1900) Challenged the citadels of Enlightenment rationality and objectivity in a profoundly persistent and consistent way, condemning the pursuit of reason as a perverted form of the 'will to power', wherein the 'knowing ones' assumed mastery over the ignorant." Nietzsche was duidelik sy tyd vooruit, want postmodernisme het eers gedurende die huidige eeu sterk na vore gekom as 'n nuwe paradigma waarbinne die mens leef.

Jordaan (1996:5) wil nie graag 'n definisie van postmodernisme gee nie, want "...om te sê wat die postmodernistiese tydgees behels, is in 'n bepaalde sin onmoontlik ten aansien van die opvatting dat die postmodernisme juis die haalbaarheid van 'definiëring' en sluitende betekenisgewing betwyfel." Postmodernisme het 'n groot klomp twyfel en onsekerheid by die mens losgemaak. Die bestaan van 'n vaste, seker, objektiewe werklikheid word betwyfel. Die wêreld word as paradoksaal beleef, dikwels irrasioneel, onlogies, en sonder struktuurloos.

Onsekerheid binne die natuurwetenskappe

Newton

Die natuurwetenskappe het sedert Newton se ontdekkings,, met 'n "clockwork universe" gewerk. "Newton se wette het orde gebring in die wêreld van gewone dinge, soos die baan van 'n koeël deur die lug, die kringlope van planete om die son, of 'n alledaagse verskynsel soos 'n klip wat val. Determinisme was die grondslag van Newton se wette - die klokwerk van die verloop van alle dinge; die oorsaak en gevolg van alles wat in die heelal gebeur." (Joubert 1997:202). Newton het na lineêre prosesse gekyk. "A linear process moves in a single direction with the output proportional to the input." (Steenburg 1991:451).

Maar aan die begin van hierdie eeu het dinge begin verander. Wetenskaplikes het die onsekerheid begin sien as waardig en fundamenteel vir wetenskaplike navorsing. Ontdekking wat deur die kwantumfisici gemaak is, het dit aan die lig gebring dat onsekerheid essensieel is in die wetenskaplike navorsing. Fisici was nie meer so seker dat alles in die wêreld en heelal volgens Newton se "clockwork universe" werk nie. Die idee van objektiwiteit het nie meer sin gemaak nie. "Dit is onmoontlik om objektiewe opnames van die kwantumwêreld te maak, want wat waargeneem word, word deels bepaal deur wat die waarnemer verkies om te sien. Die werklikheid word deels deur die waarnemer se waarneming geskep!" (Joubert 1997:203).

Onsekerheidsbeginsel

Joubert (1997:241 & 242) gee 'n duidelike beskrywing van Werner Heisenberg, die bekende Duitse fisikus, se onsekerheidsbeginsel. Volgens hom kon die klassieke fisika nog nooit atoomstrukture verklaar nie. In die kwantummeganika het dinamiese veranderlikes soos plek en momentum geen vaste waardes nie. 'n Deeltjie word deur 'n golffunksie beskryf. Omdat golffunksies van plek en momentum mekaar uitskakel, sal altwee altyd onseker wees. As die plek noukeurig bepaal word, word die momentum vaag. Word die momentum bereken, word die plek wasig. Dit gebeur volgens Heisenberg se onsekerheidsbeginsel en is die uitvloeisel van deeltjies se golfagtige aard.

Chaos-teorie

Wat is die chaos-teorie? Die Chaos-teorie probeer beide orde en chaos interpreteer. "Order gives rise to chaos, and chaos in turn admits surprising degrees of order. A simple, orderly, deterministic process can generate complex, unpredictable results. At another level, however, random processes admit remarkable order." (Steenburg 1991:449). Steenburg wys ook daarop dat die naam Chaos-teorie ‘n bietjie misleidend is, want chaos-teorie “...finds a deterministic order at the heart of disorder.” (1991:448). Dit sou dalk beter beskryf kon word as die *onsekerheidsteorie*, want die teorie impliseer dat dit onmoontlik is om die resultaat van ‘n komplekse proses te voorspel of te kontroleer. Volgens Steenburg is die onderliggende beginsel van hierdie teorie “sensitive dependance on initial conditions.” (1991:450).

Wat is die waarde van die chaos-teorie vir die sosiale wetenskappe? West (1997:125) bespreek hierdie vraag deur na Conrad (1986) se vyf funksionele rolle wat chaos in biologiese sisteme speel, te verwys. Die vyf rolle is “search, defence, maintenance, cross-level effects and dissipation of disturbances.”

Dit kan soos volg toegepas word op die sosiale wetenskappe - “Search”: Chaos kan ondersoekende aktiwiteit bevorder, byvoorbeeld ‘n mens wat aanvaarding soek. “Defence”: Ontwykende gedrag help mens om te ontsnap van gevare, byvoorbeeld die toespraak van ‘n politikus. “Maintenance”: Chaos kan funksioneer om ‘n proses in stand te hou, byvoorbeeld waar die individu se individualistiese optrede meer aanpasbaarheid bewerk as wat daar by ‘n vervlegte sisteem is. “Cross-level effects”: Dit het te doen met mikro- en makro effekte. Die individu se kreatiwiteit kan byvoorbeeld lei tot ‘n nuwe sosiale entiteit, soos boeke, biblioteke en rekenaars. “Dissipation of disturbances”: Stakings en ander sosiale onrus word geabsorbeer deur die wisselvallige omvouing van ‘n sosiale proses.

Davis (1997:75-84) skryf oor die invloed van die Chaos-teorie op die teologie. Hy verwys na D.J.Bartholemew se boek, *God of chance*, wat in 1984 verskyn het. Toeval kan volgens Bartholemew ‘n positiewe rol in God se kreatiewe werk speel, omdat die verskeidenheid en onsekerheid wat dit inbring ‘n stimulerende en uitdagende omgewing vir die volle skopus van menslike ontwikkeling skep. ‘n Interessante vergelyking word deur Davis gebruik om God se gebruik van toeval te beskryf. “Just as human agents can use chance mechanisms for their own purposes - in lottery, in a game of Monopoly, or to distribute a limited number of kidney dialysis machines - so it is certainly possible to

conceive of God using apparently random processes to achieve his own creative purposes." (Davis 1997:84). Toeval en onvoorspelbaarheid kan dus gesien word as deel van God se voorsienigheid. Davis moedig die mens aan om nederig voor God te wees, want God se wêreld is kompleks en onvoorspelbaar. Hy sê: "...chaos theory has demonstrated the inherent limitations on human ability to predict and control the future. From a Christian perspective, such an encounter with the limits inherent in the nature of the physical realm should remind man of the fundamental distinction between an infinate Creator and a finate and limited creation, including man (Davis 1997:84).

Die pastoraal-terapeutiese situasie

Gerkin (1991:11) praat oor die onsekerheid in die Amerikaanse samelewing en van die moeilike vrae waarmee lidmate na hulle predikante toe kom. "The questions are not all alike, but they do seem to have one common ingredient: Uncertainty about where the normative boundaries for living are now located." Onsekerheid word meestal as negatief beleef. In Van Schaik se Verklarende Afrikaanse woordeboek klink die verklaring vir "onsekerheid" dan ook baie negatief: "twyfelagtig, onvas, bewerig, nie oortuig nie, onbetroubaar, wisselvallig." "Seker" het weer die oënskynlik positiewe betekenisse van "veilig, buite gevaar." Om voordurend veilig en buite gevaar te wees, kan egter ook baie negatief wees. 'n Mens laat wonderlike groei-geleenthede by jou verbygaan wanneer jy ten alle koste net veilig en buite gevaar probeer wees. Dit is egter 'n onmoontlike en ook 'n onwenslike ideaal om jouself in jou eie dop te probeer terugtrek. Ons woordeboek se betekenisse van sekerheid en onsekerheid sal soos volg lyk: "sekerheid - tydelike veiligheid" en "onsekerheid - geleentheid tot groei; geleentheid om nuwe moontlikhede raak te sien."

Christene word nie net beïnvloed deur Christelike waardes nie, maar deur die algemene waardesisteme in die samelewing. In dié verband hoor mens dikwels oproepe deur kerke en ander Christelike organisasies dat ons moet "terugkeer na die Bybel" en "terugkeer na die waardes van die ou dae." Gerkin waarsku dat so 'n reaksie dikwels daartoe lei dat die morele bekommernis beperk word tot "...a short list of issues such as abortion, homosexuality, and marital infidelity, while other significant normative issues - issues often more crucial to the welfare of the society - are ignored." (1991:15). Hy gaan voort om hierdie belangrike sake te noem: vrede en geregtigheid, etiek in die sakewêreld en industrie, en die vorming van 'n meer menswaardige gemeenskap. Laasgenoemde sake kan slegs

aangespreek word indien jy uit jou selfgemaakte ruimte van sekerheid en veiligheid klim en die onvaste, onseker ruimte van die postmoderne samelewing betree.

Terapeutiese teorieë het ook ‘n geweldige ontwikkeling ondergaan. Vroeër het terapeute met die psigodinamiese model gewerk. Hierdie was ‘n tipies modernistiese model, wat op sekerheid berus het. Simptome, is gesê, ontstaan as gevolg van een of ander trauma in die pasiënt se lewe en dit is vanweë ‘n verskeidenheid redes na die onbewuste herlei. Terapie bestaan daarin dat die pasiënt gehelp word om die onderdrukte gebeure te onthou, uit te spreek en in die veilige atmosfeer van terapie “deur te werk”. Die ander moontlikheid is dat daar doodgewoon ‘n biologiese oorsaak vir alles moet wees (vgl. Müller 1996:73). Die terapeut is dus nie seker presies wat die probleem is nie, maar sy/hy weet presies waar om te gaan soek.

Gedurende die 1940's ontwikkel die wetenskap van kubernetiek (vgl. Müller 1996:74). ‘n Sirkulêre taal word nou gebruik om die wêreld van lewende vorme te beskryf. Die oorsaak van die simptoom is nie nou meer die fokuspunt nie, maar eerder hoe die simptoom binne die sisteem funksioneer.

Gedurende die tagtigerjare het ‘n paradigmaskuif binne die gesinsterapie plaasgevind. Die metafoor waarmee gesinne beskryf word, is nie meer sisteme nie, maar interpreterende gemeenskappe (Müller 1996:80). Daar word nie meer gewerk met ‘n objektiewe waarheid nie. Dit het alles begin by die geloof in ‘n kenbare werklikheid, ‘n logiese en geordende heelal waarvan die wette deur goeie wetenskaplike arbeid ontsyfer kan word; toe het daar ‘n beweging plaasgevind na ‘n meer perspektiwistiese posisie waar tot die gevolgtrekking gekom is dat enige beskrywing primêr vertel van die persoon wat die beskrywing aanbied; en nou geleidelik ontwikkel ‘n siening wat die *locus* van kennis binne die gemeenskap van persone plaas (vgl. Müller 1996:81). Die narratiewe benadering spruit hieruit voort. Dit bring ‘n groot mate van onsekerheid teweeg by beide die terapeut/pastor en kliënt. Daar is nie meer ‘n waarheid of ‘n oorsaak wat gesoek kan word en die probleem dan sou “oplos” nie. Die waarheid word bepaal deur wie wat om watter rede vertel.

Young (1997:212) maak ‘n paar belangrike opmerkings oor Michael White (wat gesien word as die persoon wat terapie binne die sfeer van postmodernisme gebring het) se denkrigting:

> In a sense, White’s philosophy is one of constitutionalism. There are no foundational or essential verities, only constructed truth statuses that physical

> realities may effect but not template. There are no expert therapists, only consultants to the client's authoring process and knowledges stultify and stupefy a client into patienthood, bonding them to their problemhood.

Omdat die waarheid gekonstrueer word, bestaan daar nie 'n essensiële waarheid of waarhede nie. Fondasies (absolute waarhede) word onder 'n mens se voete uitgeruk - 'n resep vir onsekerheid. Die terapeut is nie meer die "expert" of persoon met al die antwoorde nie.

Nou gaan dit nie meer oor 'n sekerheid wat teruggevind moet word nie, maar 'n gesamentlike poging om 'n waarheid te konstrueer wat sin maak (social konstruksionisme). Die terapeut beklee nie 'n gesags- of magsposisie nie, maar is die mede-outeur van hierdie gedeelde waarheid wat geskep word. Ons skep en herstel onsself en die werklikheid Dit bring egter nie die totale chaos van 'n "everything goes" houding nie, maar skep eerder 'n stabiele sosiale gemeenskap met gedeelde perspektiewe. Hiedie gedeelde perspektiewe is oop vir dekonstruksie en rekonstruksie. Postmodernisme lê dus meer klem op perspektiewe as permanensie.

In ons pragmatiese westerse wêreld soek studente na sekerheid. 'n Student moet by haar/sy leermeester(s) empiriese gedagtes en metodes aanleer en bemeester. As die student dit bemeester, word sy/hy die "expert". Dieselfde verwagting geld van die pastorale situasie. Die pastor word beskou as die een met al die kennis en sy/hy moet haar/sy kennis (sekerheid) oordra aan die kliënt. Wanneer studente sekerheid of voorspelbaarheid verwag, tree daar dikwels 'n periode van ongemak met die proses van onsekerheid en onvoorspelbaarheid in. In die pastorale situasie vind verandering dikwels nie plaas soos verwag is nie. Wat doen mens met hierdie onsekerheid? Word alles relatief? De Klerk (1998:154) waarsku teen so 'n vorm van oordrewe relatiwisme: "Oordrewe en siek relatiwisme lei ook tot skeeftrekking. Daar is wel absolute waarhede - een weg, waarheid en lewe - wat vasstaan. Reg is reg, vals is vals. Skewe relatiwisme hang knaend tussenin, kies nooit kant nie en stel alles op losse skroewe. Gesonde relatiwisme onderskei en verken en kom tot ewewigtige beslissings." Anderson se gevolgtrekking klink aanvaarbaar: "All of what I've learned can be catalogued in my memory and is there to use. It's all possibilities. The difference is my intention." (1997:251). 'n Christen kan haar/homself hiermee vereenselwig. Jesus se lewe wys duideling wat sy intensie was: LIEFDE. Hy verkondig en

leef daardie liefde. Daarom veroordeel hy nie destyds die *outsiders* in die gemeenskap nie, maar benader hulle in liefde. Dit is die waarheid wat Hy kom leer het. Hy is die weg, waarheid en lewe. Enige teorie is ‘n perspektief op daardie Waarheid, maar kan nooit die volle waarheid wees nie.

Onsekerheid by die pastor/terapeut lei tot respek vir die kliënt. Die pastor/terapeut is nie meer alleen die “expert” nie, maar die gespreksgenoot het ook ‘n belangrike bydrae om te lewer. Alec Ross skryf oor hierdie ervaring in die voorwoord van Freedman & Combs se boek “Narrative therapy” (1996:xiv): “I found that as I relinquished responsibility for maintaining and practising expert knowledge, the people I questioned in fact had answers, wonderfully imaginative answers that spoke precisely about their lives and their experiences of who they were - their truths. I realized that every person I ever worked with had expert knowledge about his or her own life or ‘story’.” As mede-konstrueerders van ‘n kliënt se verhaal, kan ‘n terapeut net sensitief luister na ‘n verhaal. “Each bit of construction can be responded to with an infinite number of questions, each of which would lead in a different direction.” (Freedman & Combs 1996:88-89). Die rigting waarin die gesprek gaan beweeg, is onseker. Daarom kan die terapeut maar net saamloop en -luister met ‘n sensitiewe oor en advies en raad (ander perspektiewe) aanbied langs die pad. Omdat die pastor/terapeut self onseker is oor die uitkoms, kan sy/hy nie voorskryf nie, maar slegs die moontlikhede uitspel. Freedman & Combs (1996:89) sê “...we use ‘would’ and ‘could’ instead of ‘will’ as a way of introducing possibilities, but not prescribing them.”

Hierdie samewerking tussen pastor/terapeut en kliënt, asook die onsekerheid oor die presiese verloop en uitslag van terapie, maak voorsiening vir verrassende wendings in verhale. Die pastor/terapeut kan beskryf word as ‘n kunstenaar (vgl Müller 2000) Die drie “tools” in hierdie benadering is: responsief-aktiewe luister, n nie-wetende posisie, en gespreksvrae. Binne so ‘n situasie kan kreatiewe kragte aan die werk spring om kreatiewe oplossings te bied. Maar die resultaat bly onvoorspelbaar en dus onseker. Pearce (1996:161) verwys na Edward Lorenz wat die onvoorspelbaarheid van verandering probeer verduidelik:

> A single imperceptible factor can have a profound influence on systems of all kinds. Changes magnify and intensify as they move from their points of origin. For example, two cars travelling in the same direction at 59- and 60 miles per hour, respectively, will, at the end of a complete day, have a distance between them of twenty-four miles.

Klein gebeure kan ‘n geweldige effek op ‘n indiwidu se lewe hê. Die uitslag is onseker, maar tog iets om in afwagting na uit te sien.

Ons lees dikwels in die Bybel van die mens wat sy/haar huidige omstandighede en selfs God se optrede nie verstaan nie. Daar is nie altyd maklike antwoorde nie. Die Bybel moedig ons ook nie aan om na absolute sekerheid te streef nie, maar eerder in afwagting op God en met vertroue op Hom, te leef. Die profeet Habakuk het ook hierdie ervaring gehad. Hy het gevoel dat God onreg toelaat en Hom nie daaraan steur nie. In sy poging om na antwoorde te soek, sien ons sy onsekerheid, sy twyfel in sy eie vermoeë om tot verstaan te kom, raak: “Ek wil op my uitkyktoring gaan staan, my plek op die vestingmuur gaan inneem, ek wil wag om te verneem wat die Here vir my sal sê en wat ek moet antwoord wanneer mense my verwyt.” (Habakuk 2:1).

Konklusie

Modernisme is soos die Titanic van ouds besig om te sink. Dit help nie meer om aan die sekerhede wat die skip gebied het, te bly vashou nie. ‘n Postmodernistiese plan moet gemaak word. Onsekerheid oor jou eie waarheid of waarhede is belangrik. Hoewel dit meestal as negatief beleef word, kan daar baie positiewe gevolge daaruit voortvloei. Die meerderwaardige houding waarmee somtyds na ander gekyk is vanuit ‘n modernistiese perspektief (die sekerheid oor absolute waarhede), het plek gemaak vir nederigheid en respek. Nederigheid oor die feit dat jou perspektief oor die waarheid nie die enigste perspektief is nie en respek vir ander se waarhede. Modernistiese gedagtes (sekerheid) is gedekonstrueer en word nog steeds gedekonstrueer om plek te maak vir postmodernisme, wat saam gerekonstrueer word. In die pastoraal-terapeutiese situasie rekonstrueer pastor/terapeut en kliënt voordurend nuwe, meer aanvaarbare perspektiewe op die werklikheid. Dis ‘n spanpoging.

Bronnelys

Anderson, H. 1997. *Conversation, language, and possibilities: A postmodern approach to therapy*. New York: Basic Books.

Bosch, D.J. 1988. Die onvoltooide sendingtaak in wêreldperspektief. *Sendingjaar 1988 van die N.G. Kerk-familie. Kongresbundel. Universiteit van Pretoria. 12-15 Julie 1988, 80-101*.

Davis, J.J. 1997. Theological reflections on chaos theory. *Perspectives on science and Christian faith*, 49:75-84.

De Klerk, W. 1998. *Die vreemde God en sy mense*. Kaapstad, Pretoria & Johannesburg: Human & Roussea.

Freedman, J. & Combs, G. 1996. *Narrative therapy. The social construction of preferred realities*. New York: W.W. Norton & company.

Gerkin, C.V. 1991. *Prophetic pastoral practice. A Christian vision of life together*. Nashville: Abington Press.

Hurding, R. 1998. *Pathways to wholeness. Pastoral care in a postmodern age*. London: Hodder & Stoughton.

Jordaan, W. 1996. Postmodernisme en die huwelik. *Praktiese teologie in Suid-Afrika*, 11(2):1-15.

Joubert, G. 1997. *Die groot gedagte. Abstrakte weefsel van die kosmos*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers Beperk.

Masterpasqua, F. & Perna, P.A. 1997. *The psychological meaning of Chaos*. Washington: American psychological association.

Müller, J. 1996. *Om tot verhaal te kom. Pastorale gesinsterapie.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Müller, J 1999. *Companions on the Journey.* Johannesburg: Logos Books (www.Logos-Sa.com).

Muller, J. 2000. *Reis-geselskap.* Wellington: Luxvebi-BM.

Pearce, S.S. 1996. *Flash of insight: Metaphor and narrative in therapy*. Boston: Allyn and Bacon.

Peck, M.S. 1993. *Further along the road less travelled. The unending journey to spiritual growth.* London: Simon & Schuster.

Peck, M.S. 1997. *The road less travelled and beyond. Spiritual growth in an age of anxiety.* New York: Simon & Schuster.

Steenburg, D. 1991. Chaos at the marriage of heaven and hell. *Harvard theological review*, 84:447-466.

West, B.J. 1997. Chaos and related things: a tutorial. *The journal of mind and behavior*, 18(2):103-126.

Young, G. 1997. *Adult development, therapy, and culture, A postmodern synthesis.* New York: Plenum Press.